#6



Verfraai 'n kas van rou hout met 'n speldekussing-stensil en Tjhoko Paint Stencil of Paris.

# Sê dit met blomme

*Deur* **Shelly Bergh**
*Foto's* **Ed O'Riley**

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag (sluit tyd in vir afskuur)

Hanglamp en stoeltjie van Mr Price Home; koekstaander, bekers en Country Road-vase van Woolworths; Beni Ourain-mat van Herringbone

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- Flower Stencil van Tjhoko Paint
- Stencil of Paris van Tjhoko Paint
- nie-permanente aanspuitgom

**GEREEDSKAP**
- skuurder
- skraper
- maskeerband

**PROJEKNOTAS**
- As die kas steeds olierig voel nadat jy dit geskuur het, kan jy die hout eers met Woodoc Water-Borne Floor Clear Matt seël voor jy die Stencil of Paris aanwend – dit keer dat die Stencil of Paris verkleur.
- Seël die hele kas (die Stencil of Paris-blomme inkluis) agterna met Woodoc Water-Borne Floor Clear Matt.

## Só maak jy ...




**1** Skep 'n rouhout-voorkoms deur enige seëlaar of vernis af te skuur.





**2** Spuit van die aanspuitgom op die agterkant van die stensil.




**3** Posisioneer die stensil en wend die Stencil of Paris met 'n skraper aan – verwyder enige oortollige Stencil of Paris soos jy aangaan.




**4** Verwyder die stensil versigtig terwyl die Stencil of Paris nog nat is – pasop dat dit nie smeer nie!






**5** Ons het die hele stensil links onder gebruik, maar vir die res het ons die speldekussingblom geïsoleer deur die blomme langsaan met maskeerband toe te plak. Spuit die stensil telkens met gom, plaas dit waar nodig en smeer Stencil of Paris oor die speldekussing.

**KONTAK EN VERSKAFFERS** **Shelly Bergh** shellybergh.com **Herringbone** 021 418 0787, herringbone.co.za **Mr Price Home** 0800 212 535, mrphome.com **Woolworths** 0860 022 002, woolworths.co.za